


## Graad 7 Drama: Week 2: Stemontwikkeling en die volksverhaal

1. Opwarmingsoefening: Aktiwiteit 3 (Bl. 94) – Dit sluit die vorige afdeling van fisiese ontwikkeling af
  - a. Hierdie aktiwiteit duur 10-15 minute
  - b. Lees deur Aktiwiteit 3 (Die vertelling van ’n storie met jou liggaam) op bl. 94 van jou handboek.
  - c. Voer die aksies uit. Hierdie aktiwiteit sal jy saam met jou ma/pa/suster/broer kan doen.
  - d. Die doel van hierdie aktiwiteit is om vir jou te laat dink aan stories wat met jou liggaam vertel kan word. Dit moedig kreatiwiteit aan en laat jou toe om met nuwe bewegings te reageer. Om dit te kan doen, moet jy oplet na die posisie waarin jou liggaam “gevrries” het. Dit help met die ontwikkeling van beheer sowel as konsentrasie.
  - e. Onthou om op verskeie vlakke (hoog/medium/laag) en in verskeie rigtings te beweeg. Maak ook seker om jou hele liggaam by die aktiwiteit te betrek.
  - f. Onthou julle die video greep waarna ons gekyk het oor die vries aktiwiteit? Hier is die skakel. Kyk gerus weer hierna: <https://www.youtube.com/watch?v=1EbCy08p4Ko> . LW: Jy hoef nie die hele video te kyk nie. Jy kan dit altyd later klaar kyk sodra al jou werk vir die dag voltooi is.
2. Lees die kort stukkie oor stemontwikkeling en stemopwarming op bladsy 94.
3. Doen aktiwiteit 4 (Stemopwarming) (Bl. 95) – Jy kan dit saam met jou gesin of op jou eie doen
  - a. Hierdie aktiwiteit duur 10 minute
  - b. Lees deur die aktiwiteit en voltooi dit soos aangedui.
  - c. Die doel van hierdie aktiwiteit is om jou bewus te maak van die vibrasies wat deur die klank veroorsaak word. Indien jy korrek neurie, sal jou lippe teen mekaar vibreer. Jy sal aanvanklik jou mond wil vryf van die “kielie” gevoel. MOENIE die klank druk of forseer nie. Hou die klank uit die keel. Dit sal stemskade verhoed.
  - d. Dit is baie belangrik dat jy op ’n gemaklike noot begin. M.a.w. die noot moenie te hoog of laag wees nie. Jy moet nooit jou stem forseer nie. Indien jy voel dat jy nie meer gemaklik hoër of laer kan sing nie, stop dadelik. Dit is om hierdie rede waarom dit ook belangrik is dat jy nie op die top van jou stem skree nie (of enigins skree nie). Dit is gevaarlik vir die stem en kan die omvang en kwaliteit van jou sang- en praatstem verswak.
4. Doen aktiwiteit 5 (Resonansie-ontwikkeling) (Bl. 95) – Jy kan dit saam met jou gesin of op jou eie doen
  - a. Hierdie aktiwiteit duur 10 minute
  - b. Moenie die vokale te oop en plat maak nie. Die klank moet steeds gefokus en gemaklik wees.
    - i. NB: Moenie jou skouers oplig wanneer jy asemhaal nie. Jy haal asem in sodat jou ribbekas en maag uitsit.
  - c. Voel waar die klank geproduseer word. Resonansie word deur simpatetiese vibrasies veroorsaak. Die oorspronklike vibrasies van jou stembande resoneer en help om die klank harder en ryker te maak. LW: Harder beteken nie dat die klank geforseer of gedruk moet word nie.

Vir aktiwiteit 4 en 5: Indien julle nie ’n klavier by die huis het nie, gebruik die volgende skakels vir note en toonlere waarop jy kan neurie (in Engels “hum”) en oorgaan na die vokale:

- i. <https://www.youtube.com/watch?v=YCLyAmXtpfY> (Tot by 01:19 is slegs neurie)
- ii. <https://www.youtube.com/watch?v=lxjXoopvcRQ> (Die hele oefening is neurie)

5. Lees “Vertelling” onder “Storievertellingstegnieke” (Bl. 99)



## BONUS vir al die harde werk!

Indien jy opsoek is na musiek vir ontspanning, hier is 'n paar skakels:

1. <https://www.youtube.com/watch?v=xHCJfB81DwM> (Disney treffers op klavier)
2. <https://www.youtube.com/watch?v=7voSN82FGF0> (Studio Ghilbi treffers op klavier)
3. [https://www.youtube.com/watch?v=9uIk\\_91GQYI](https://www.youtube.com/watch?v=9uIk_91GQYI) (Klavier met natuurklanke)

